16.24 RAPPORT 17 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – MOSAMBIEK (Art 77)

16.24 REPORT 17 – DEPUTIES ECUMENICITY – INTERNATIONAL – MOSAMBIQUE (Art 77)

A. Ds HS Coetzee stel die Rapport.
Rev HS Coetzee tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. **RAPPORT / REPORT**

Deputate verantwoordelik vir die lessenaar: Ds PM Modise (s) en Dr HM Zwemstra
Deputies responsible for the desk: Rev PM Modise (c) and Dr HM Zwemstra

1. Gereformeerde Kerke in Mosambiek	**1. Reformed Churches in Mozambique**
1.1 *Opdrag* Dat, in die lig van die nabyheid van die lande aan Suid-Afrika, vorige kontakte en sendingwerk wat daar plaasvind, kontak met kerke in Angola en Mosambiek gemaak word.	1.1 *Mandate* In light of the proximity of the countries to South Africa as well as previous contact and mission work there, contact is to be made with churches in Angola and Mozambique.
Vir kennisname	*To be noted*
1.2 *Uitvoering van opdrag*	1.2 *Execution of mandate*
1.2.1 31 Augustus–10 September 2015 het ds MA Modise, dr HM Zwemstra en ds Gesse Rios (van die IPB) die Igreja Reformada Mozambique (IRM) besoek om met hulle te praat oor ekumeniese bande. Die IRM bestaan uit drie Nasionale Sinodes, naamlik die Mpatso Sinode (Noordweste van Mosambiek), die Tumbine Sinode (Noordooste van Mosambiek) en die Novu Sinode (Suide van Mosambiek). Die drie Nasionale Sinodes vergader elke twee jaar afsonderlik en hulle funksioneer tot 'n groot mate onafhanklik van mekaar. Elke Nasionale Sinode het hulle eie kerklike verhoudinge met kerke in die buiteland en binneland, maar hierdie verhoudinge is baie beperk. Elke derde jaar vergader die Moderamen van die drie Nasionale Sinodes as die Algemene Sinode.	1.2.1 Rev MA Modise, dr HM Zwemstra and Rev Gesse Rios (of the IPB) visited the Igreja Reformada Mozambique (IRM) from 31 August-10 September 2015 to discuss ecumenical ties with them. The IRM comprises three National Synods, namely the Mpatso Synod (north-west Mozambique), the Tumbine Synod (north-east Mozambique) and the Novu Synod (south Mozambique). The three National Synods each assemble every two years and function to a large extent independently. Each National Synod has its own church relationships with churches abroad and local, but these relationships are quite limited. Every third year the Moderamen of the three National Synods meet as General Synod.
1.2.2 Tydens bogenoemde besoek is gesprekke gevoer met die Mpatso Sinode en die Tumbine sinode. Plaaslike kerke van die GKSA werk al die afgelope paar jaar saam met die Tumbine sinode dmv gesamentlike evangelisering, oprigting van kerkge-	1.2.2 During the above visit talks were held with the Mpatso Synod and the Tumbine Synod. Local churches of the GKSA are already working with the Tumbine Synod the past few years in terms of joint evangelisation, erection of church buildings, training and

boue, opleiding en toerustings-materiaal. Die kampus van Hefsiba (Teologiese Skool van die IRM) is ook besoek en gesprekke is met die bestuur van Hefsiba gevoer.	equipping material. The campus of Hefsiba (Theological School of the IRM) was also visited and talks held with the management of Hefsiba.
1.2.3 Die IRM het dieselfde Belydenis-skrifte as die GKSA, en die opleiding van Hefsiba is gebaseer is op die van die TSP. Die kerkregering van die IRM het 'n kollegialistiese aard en die Moderamen van die twee Sinodes met wie daar gesprek gevoer is, het die kerkregering van die GKSA baie interessant gevind en baie vrae daaroor gevra.	1.2.3 The IRM has the same articles of faith as the GKSA and the training offered by Hefsiba is based on that of the TSP. The IRM's church governance is collegiate in nature and the Moderamen of the two Synods found the church governance system of the GKSA of great interest and asked a range of questions.
1.2.4 Na die besoek in 2015 kon die Deputate goeie kontak met die Tumbine Sinode behou. In die Noord-ooste van Mosambiek is groot armoede en die predikante werk in uitdagende omstandighede. 'n Artikel hieroor is in *Die Kerkblad* geplaas en huidiglik word 7 predikante met R500 pm ondersteun deur lidmate of gemeentes van die GKSA. 4 motor-fietse is ook aangekoop om predikante te help met hulle bedien-ingswerk.	1.2.4 Subsequent to the visit in 2015 the Deputies remained in regular contact with the Tumbine Synod. The north-east of Mozambique is poverty stricken and the ministers work under challenging conditions. An article in this regard was published in *Die Kerkblad* and members or congregations of the GKSA support 7 ministers at present with R500/month. Four motorcycles were purchased to aid these ministers in their ministry.
1.2.5 Tydens 'n korttermyn-uitreik in Julie 2017 van die GK Pretoria-Annlin en Pretoria-Montanapoort het dr HM Zwemstra weer die Moderamen van die Tumbine Sinode besoek en verdere gesprekke is met hulle gevoer. Daar is ook gepraat oor die ondersteuning van die predikante, en dat gemeentes van die IRM daartoe moet werk om hulle eie predikante te onderhou. Die omstandighede in die land, en die grootte van nuwe gemeentes maak dit egter moeilik.	1.2.5 Dr HM Zwemstra once again visited the Moderamen of the Tumbine Synod during a short-term outreach of the GK Pretoria-Annlin and Pretoria-Montanapoort in July 2017 and further talks were held with them. It also addressed the support of the ministers and the IRM's efforts to support their own ministers. The state of the country and the size of new congregations make this difficult.
Besluit: Punte 1.1 tot 1.2.5 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.2.5 noted.**
<u>*Vir besluitneming*</u>	<u>*To be decided*</u>
1.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)*	1.3 *Recommendations (instructions to the next Deputies)*
1.3.1 Dat ekumeniese bande met die Tumbine Sinode van die IRM aangegaan word.	1.3.1 Ecumenical ties must be established with the Tumbine Synod of the IRM.
1.3.2 Dat die ekumeniese bande met die Tumbine Sinode verder uitgebou word deur besoeke van die Deputate en deur samewerking waar dit moontlik is.	1.3.2 Ecumenical ties with the Tumbine Synod are to be promoted through visits and cooperation, where possible.
1.3.3 Dat daar verder gewerk word aan	1.3.3 Further effort should be made to

moontlike bande met die Mpatso Sinode en die Novu Sinode.	establish ties with the Mpatso Synod and the Novu Synod.
1.3.4 Dat die Deputate saamwerk met plaaslike kerke van die GKSA wat opleiding en evangeliseringswerk in Mosambiek doen.	1.3.4 The Deputies are to work with local churches of the GKSA that do evangelisation in Mozambique.
Besluit: Punte 1.3.1 tot 1.3.4 goedgekeur.	**Decision: Points 1.3.1 to 1.3.4 approved.**